ONDERSTEPOORT
BIOLOGICAL PRODUCTS

For animal use only

# AFRICAN HORSE SICKNESS
## VACCINE FOR HORSES, MULES AND DONKEYS

Reg. No. G 0116 (Act 36/1947) Namibia: NSR 0586

Freeze-dried, polyvalent, live attenuated horse sickness virus strains for the prophylactic immunisation of horses, mules and donkeys against horse sickness.

**The vaccine is presented as two separate injections with different horse sickness virus types. First administer combination 1 and at least three weeks later combination 2.**

**Store the vaccine in a refrigerator at a temperature of 4 °C to 8 °C. Do not use the vaccine after the expiry date printed on the bottle.**

**RECOMMENDATIONS FOR USE**
Foals born of unvaccinated dams can be inoculated at any age but foals of immune dams should not be vaccinated until they are at least six to seven months old. Animals should preferably be immunised during early summer. Immunisation of mares should be avoided during the first three months of pregnancy. **Annual immunisation is recommended.** It takes up to 2 – 3 vaccinations for horses to become immune to all the serotypes in the vaccine. It is therefore important to combine vaccination with the control of the Culicoides midges which transmit the disease. Horses can be protected from midge bites by stabling them from dusk to dawn, using insect repellents and keeping animals away from low-lying vlei areas or other surface water during the day.

**WARNINGS**
**Do not slaughter animals for human consumption within 7 days of vaccination. Vaccinate healthy animals only. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. The vaccine will not necessarily stimulate a complete immunity in all animals and additional measures must necessarily be taken to ensure protection of horses against horse sickness during the time of the year when the risk of transmission of infection by biting insects is greatest. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.**

**DIRECTIONS FOR USE**
**Use only as directed.**
The active ingredient of the vaccine is in the form of a powder or pellet in a small bottle. Connect one of the enclosed needles to one of the syringes with diluent and transfer the contents to bottle no. 1. Mix thoroughly until the powder is dissolved and withdraw the contents into the syringe. The vaccine is now ready for use and must be injected without delay. Avoid exposure to high temperatures and direct sunlight during inoculation. Keep the remainder of the package at 4 °C – 8 °C for use at least 3 weeks later.

**DOSAGE: 2 ml subcutaneously**

**EFFECTS OF THE VACCINE**
Animals inoculated for the first time may react slightly between the seventh and fourteenth day following inoculation. During this period and for a further week these animals should not be worked excessively. Immunity starts to develop two to three weeks after complete inoculation and protection against some of the virus types are achieved after four weeks. Immunity cannot be guaranteed in all animals.

**PACKING**
Available in series of 4 bottles sufficient for 2 doses.

**Registration holder:**
Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591

P2063

Made in South Africa Edition 5

ONDERSTEPOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Slegs vir dieregebruik

# AFRIKA PERDESIEKTE
## ENTSTOF VIR PERDE, MUILE EN DONKIES

Reg. Nr. G 0116 (Wet 36/1947) Namibië: NSR 0586

Vriesgedroogde, polivalente, lewende, verswakte perdesiekte virusstamme vir die voorbehoedende inenting van perde, muile en donkies teen perdesiekte.

**Die entstof word as twee aparte inspuitings met verskillende Perdesiekte virustipes aangebied. Dien eers kombinasie 1 toe en minstens drie weke later kombinasie 2.**

**Bewaar die entstof in 'n yskas by 'n temperatuur van 4 °C tot 8 °C.**
**Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.**

**AANBEVELINGS VIR GEBRUIK**
Vullens van ongeënte merries kan op enige ouderdom ingespuit word maar vullens van geïmmuniseerde merries moet ten minste ses tot sewe maande oud wees. Diere moet liefs gedurende die voorsomer ingeënt word. Merries moet liefs nie gedurende die eerste drie maande van dragtigheid ingeënt word nie. **Jaarlikse inenting word aanbeveel.** Dit neem 2 – 3 inentings vir perde om immuniteit teen al die serotipes in die entstof te kry. Dit is daarom belangrik om die enting te kombineer met die beheer van Culicoides muggies wat die siekte oordra. Perde kan van muggies beskerm word deur die diere van sononder tot sonop op stal te hou en van insekdoders gebruik te maak. Gedurende die dag kan diere van laagliggende vlei areas of oop water areas weggehou word.

**WAARSKUWINGS**
**Moet nie diere binne 7 dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Die entstof sal nie noodwendig volledige immuniteit in alle diere teweegbring nie en dit is noodsaaklik om ook ander bykomstige maatreëls te neem om perde teen perdesiekte te beskerm gedurende die tyd van die jaar wanneer die risiko van oordraging van besmetting deur bytende insekte die hoogste is. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.**

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
**Gebruik slegs soos voorgeskryf.**
Die aktiewe bestanddeel van die entstof is in die vorm van 'n poeier of klont in 'n klein botteltjie. Koppel een van die ingeslote naalde aan een van die spuite met verdunningsvloeistof en spuit inhoud in botteltjie nr. 1. Skud tot opgelos en onttrek weer met spuit. Die entstof is nou gereed vir gebruik en moet dadelik ingespuit word. Vermy blootstelling aan hoë temperature en direkte sonlig gedurende inenting. Bewaar die res van die verpakking by 4 °C – 8 °C vir toediening minstens 3 weke later.

**DOSIS:** **2 ml onderhuids**

**UITWERKING VAN DIE ENTSTOF**
Diere wat vir die eerste keer ingeënt word mag dalk tussen die sewende en veertiende dag effens reageer. Vir hierdie tydperk en 'n week daarna moet sulke diere nie harde werk doen nie. Immuniteit begin ontwikkel twee tot drie weke na volledige inenting en beskerming teen sommige virustipes word na vier weke verkry. Immuniteit kan egter nie in alle diere gewaarborg word nie.

**VERPAKKING**
Beskikbaar in 'n reeks van 4 bottels as 2 dosisse.

**Registrasiehouer:**
Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

P2063
Vervaardig in Suid-Afrika Weergawe 5